

REÛLS VAN DIE DEELNEMINGSVERBANDSKEMA BESTUUR DEUR  
STABILITAS DEELNEMINGSVERBANDSKEMA (EDMS) BEPERK

Bepalings en Voorwaardes

*Die reëls, waarna die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 2002 verwys, vereis dat die volgende geopenbaar word:*

1. Stabilitas Genomineerdes (Edms) Beperk word bestuur deur Stabilitas Deelnemingsverbandskema (Edms) Beperk ("die bestuurder").
2. Beleggings moet in veelvoude van R1 000 wees en die minimum aanvangsbelegging is R5 000. Bykomende beleggings is onderworpe aan 'n minimum van R1 000 elk.
3. Die minimum saldo per belegger mag nie minder as R5 000 wees nie.
4. 'n Belegging in die Skema moet vir minstens 5 jaar (sien egter 7 hieronder) in die Skema bly. Elke bykomende belegging word as 'n afsonderlike (nuwe) belegging met sy eie minimum beleggingstydperk beskou.
5. Beleggings word deur al die eerste verbande in die Skema gesekureer. Die skuld wat ingevolge sodanige verbande verskuldig is, is *pro rata* tot hulle beleggings aan die beleggers verskuldig en nie aan die bestuurder of die genomineerde maatskappy nie. Nóg die bestuurder nóg die genomineerde maatskappy waarborg die terugbetaling van die skuld.
6. Na 5 jaar kan die hele belegging, of 'n gedeelte daarvan, kosteloos onttrek word. Die bedrag wat onttrek gaan word, word betaal drie kalendermaande na die bestuurder skriftelike kennis en al die nodige dokumente van die belegger ontvang het. Onttrekkings is onderworpe aan Reël 22(2), wat soos volg lui:

"22(2) 'n Deelnemer mag, na die verstryking van die 5-jaartydperk bedoel in Artikel 38 van die Wet, 'n gedeelte of die geheel van sy of haar fondse in 'n Skema belê, onttrek indien -

- (a) die bestuurder toestemming tot sodanige onttrekking gegee het: Met dien verstande dat die bestuurder sodanige toestemming kan weerhou mits hy redes gee vir die weerhouding van sodanige toestemming;
- (b) die deelnemer skriftelike kennis aan die bestuurder gegee het, waarvan die tydperk deur die bestuurder bepaal en in die aansoekvorm openbaar moet word, van sy of haar voorneme om sodanige belegging te onttrek; en
- (c) die deelnemer sodanige fooie en koste, wat deur die bestuurder opgelê mag word, betaal het."

7. Die hele of gedeelte van 'n belegging kan binne die aanvanklike 5-jaartydperk waarna in 4 hierbo verwys word, oorgedra (dws verkoop) word. Oordragte en vereffeninge word gedoen 1 kalendermaand na die bestuurder al die nodige dokumente van die belegger ontvang het. Oordragte is onderworpe aan Reël 22(1), wat soos volg lui:

"22(1) 'n Deelnemer mag enige gedeelte of die geheel van sy deelnemende belang sêdeer, oordra of beswaar sonder die toestemming van enige van die betrokke verbandgewers, met dien verstande dat -

- (a) die bestuurder nie verplig is om sodanige sessie, oordrag of beswaring te noteer nie, tensy hy skriftelik daarvan in kennis gestel is en sodanige fooie en koste wat die bestuurder mag bepaal, deur sodanige deelnemer of sy of haar regsopvolger betaal is;
  - (b) sodanige sessie, oordrag of beswaring slegs teen die bestuurder afdwingbaar is indien die bestuurder skriftelik bevestig het dat die sessie, oordrag of beswaring genoteer is en dat voormelde fooie en koste ten volle betaal is; en
  - (c) die bestuurder kan weier om sodanige sessie, oordrag of beswaring te noteer, indien sodanige deelnemende belang gesedeer of oorgedra is aan, of beswaar is ten gunste van, meer as een persoon wat tot gevolg het dat die omvang van enige deelnemende belang gehou deur enige sodanige persoon minder is as die minimum belegging van tyd tot tyd deur die bestuurder bepaal."
8. **Die bestuurder sal 'n fooi tot 'n maksimum van 2% (BTW uitgesluit) van die kapitaalbedrag wat oorgedra word, onderworpe aan 'n minimum fooi wat tans R250 (BTW uitgesluit) is, hef vir die oordrag van 'n belegging binne die aanvanklike 5-jaartydperk (Boedels: 0,5%, minimum R250 + BTW).**
  9. Rente wat deur die verbandgewers (dws die leners) betaalbaar is, kan skommel en derhalwe kan rente wat aan beleggers betaalbaar is ook skommel.
  10. Rente wat die verbandgewers aan die bestuurder betaal, minus die bestuurder se administrasiefooie, wat die bestuurder van tyd tot tyd bepaal, word maandeliks agterna deur die bestuurder aan die beleggers betaal.
  11. Die bestuurder sal elke belegger hoogstens elke drie maande van 'n rekeningstaat voorsien wat die kapitaalbedrag openbaar wat in die Skema belê is en aandui hoe die netto bedrag rente wat betaal is, bereken is.

STABILITAS DEELNEMINGSVERBANDSKEMA (EDMS) BPK

Reg. No. 1987/048060/07

Stabilitas Chambers  
Kentlaan 265  
Ferndale, Randburg  
2194

Posbus 3673  
Randburg  
2125

Tel: (011) 886-7195/8

Faks: (011) 886-5844

E-Pos: [stabboe@telkomsa.net](mailto:stabboe@telkomsa.net)